ATKV-betrekkings

ATKV-Drakensville

Rekenmeester

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as rekenmeester by sy vakansieoord, ATKV-Drakensville, diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n BCom-graad met rekeningkunde as hoofvak.
- Minstens drie jaar se ondervinding as rekenmeester in krediteure, aankope, maandsluitings en rekonsiliasies. Ervaring met die boekstelling van betalings, verwerking van grootboektransaksies en rekonsilliasie van hulpboeke, bankstate, kredietkaarte en intergroeptransaksies.
- Vertroud met kontanthantering, banke en kontant- en bankrekonsiliasies.
- Kennis van en ondervinding met die opstel van salarisse en sekere oorbetalings.
- Kennis van en ondervinding met Pastel Partner, Pastel Evolution en Intactt sal tot die kandidaat se voordeel strek.
- Moet rekenaarvaardig wees in die Microsoft-produkreeks.
- Moet noukeurig, georden en detailgeoriënteerd wees, onder druk kan funksioneer en nie aan kantoorure gebonde wees nie.
- Moet goed in spanverband kan werk.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Verwerking van grootboektransaksies en rekonsiliasie van hulpboeke, bankstate, kredietkaarte en intergroeptransaksies.
- Krediteure, aankope, maandsluitings en rekonsiliasies.
- Instandhouding van interne beheerprosedures.
- Finansiële datasuiwering en administrasie.
- Verskaf bestuursondersteuning en proaktiewe afwykingsverklarings.
- Hulp met begrotingsamestelling, finansiële bestuursverslae en projeksies.
- Verseker dat die ATKV se finansiële beleid en prosedures nagekom word.
- Administratiewe take vir die finansiële afdeling.
- Diens as Diensbestuurder verrig.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

Elmari Els by DVBetrekkings@atkv.org.za
ATKV-Drakensville, Eskom-kanaalpad 1, Jagersrust, 3354.

Sluitingsdatum: **05 Augustus 2022 om 12:00**
Gebruik asseblief **DVFIN02** as verwysing.

As jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.